DE MEERPAAL – VAN TOE TOT NOU

Die Nederlandsche Vereeniging in Pretoria het na aanleiding van ‘n brief van ene Prof. Dr C. de Jong die inisiatief geneem en ‘n komitee saamgestel om die oprigting van ‘n Nederlandse tehuis vir bejaardes te ondersoek en werklikheid te maak. Hierdie behoefte het ontstaan as gevolg van die emigrasie golf in die vyftigerjare, net soos in ander lande.

Die eerste kommissie, wat later uitgebrei is, is by ‘n bestuursvergadering van Dinsdag 7 April 1970 saamgestel en hulle het ‘n verslag by die jaarvergadering in Maart 1971 voorgelê. By hierdie vergadering word besluit om die belangstelling vir so ‘n tehuis te verken en aan die einde van daardie jaar was reeds 300 antwoorde ontvang. In ‘n brief gedateer 1 Februarie 1972 is berig dat “500 landgenoten zich opgeven als toekomstige bewoner, waarvan 248 boven de leeftijd van zestig jaar.” Dit was beskou as meer as voldoende om met hulle planne voort te gaan. Die Nederlandsche Vereeniging gee die komitee toestemming om kandidate vir ‘n nuutgevormde “stichting” voor te stel. Die oorspronklik komiteelede het deel van die bestuur geword, onder voorsitterskap van Mnr. D. Klein.

Stigtingsvergadering

‘n Openbare vergadering is op 16 Mei 1972 gehou waartydens besluit is om twee liggame te stig, namelik ‘n bejaardeinrigting en ‘n Vriendekring van die bejaardesentrum. Die Vriendekring sou ‘n vereniging, gebaseer op betalende lidmaatskap wees en fondse insamel vir die bejaardesentrum. Die bestuur moes na ses maande ‘n vorderingsverslag tydens ‘n opvolgvergadering lewer.

Veel verkenningswerk moes gedoen word. Onder andere was daar drie wettelike bepalinge waaraan voldoen moes word, nl Die Nasionale Welsynswet van 1965, Die bejaarde Persone Wet van 1967 en Die Behuisingswet. ‘n Stuk grond moes gekoop word sonder regeringsteun omdat die meeste Nederlanders oor een of

ander vorm van inkomste beskik het en die keuse hetgeval op ‘n kleinhoewe in Willow Glen (destyds) buite die stad. Die bestuur het nie oor die nodige kapitaal beskik nie en het besluit op die verkoop van bewoningsreg i.p.v. eiendomsreg, ‘n konsep wat toe in S.A nog nie alom bekend was nie, maar wel al toegepas was op ‘n bejaardeskema in Port Elizabeth.

Hierna volg baie organisasie en baie onverwagte vertragings, boulenings van Gemeenskapsbou en tenders, maar uiteindelik word daar in 1979 tot 1981 gebou, waarna die eerste inwoners in 1980 begin intrek het.

Aanstelling van die eerste direkteur

Mnr Hazenwindus was die eerste direkteur wat aanvanklik, in ruil vir ‘n dubbelwoning, ‘n paar maande sy diens gratis aangebied het. Daarna het hy ‘n amptelike aanstelling gekry en het tot 1982 die rol vervul. In die tyd is ook administratiewe persoon aangestel. Zuster Zimmerman was die eerste verpleeg personeellid en in die volgende jaar is ‘n assistant verpleegster indiens geneem.

Die naam DE MEERPAAL

Mnr Hazenwindus het ‘n wedstryd via die Nieuws van die Nederlandsche Vereeniging georganiseer om ‘n noemnaam vir die bejaardesentrum te kry. Mense kon deur R1 te betaal deelneem en daar was 134 deelnemers en 117 verskillende name is ingestuur. Die bestuurslede moes die name van 1 to 5 gradeer en die naam met die hoogste telling was DE MEERPAAL.

Ontwikkeling van De Meerpaal met behulp van skenkings

Verskillende ondernemings het van hulle produkte gratis aan De Meerpaal verskaf, soos bv die die swembad, tuinmateriaal en –uitleg, boorgat, lere en trappe ens. Verkeie donasies is ook ontvang.

De Meerpaal tans

De Meerpaal beskik oor 30 bungalows (huise met bewoningsreg), 16 woonstelle (met bewoningsreg) , 60 enkel en dubbel huureenhede. Die Versorgingseenheid huisves gemiddeld 36 persone in enkel of dubbelkamers en gaan nou uitgebrei word.

Die Bestuur

Die bestuur bestaan uit ‘n voorsitter en nog tien lede wat bo en behalwe die penningmeester en sekretaresse verdeel is in ‘n tegniese komitee en toelatingskomitee. Die lede van die bestuur is vrywilligers. Verteenwoordigers van die Versorgingsafdeling en die Bestuurder van De Meerpaal dien ook op die bestuur.